nie tot in die fyn besonderhede nie.

I put it to you that that pulse is closest to ...

COURT: Which pulse?

MR YACOOB: The pulse on (7)18 resembles the pulse, the erasure-head pulse on (7)13 more closely than it resembles any of the other erasure-head pulses and those are contained in photographs ABD(7)8, (7)9, (7)15 and (7)17. -- Ek dink daar was 'n effense verkeerde aanwysings van die foto's ABD(7)8 en 9 moes waarskynlik 9 en 10 gewees het. . .

Yes, that is right, sorry. -- Maar andersins stem ek (10) nie saam met die stelling nie. Die puls op ABD(7)18, alhoewel dit sekere basiese ooreenkomsste het met die pulse op ABD(7)9, (7)10, (7)13 en 7(15), het dit ook sekere definitiewe verskille.

I understand that there are differences. What I am putting to you is that the pulse in (7)18, to put it slightly differently, is closer to the pulses in (7)9, 10, 13 and 15 than for example to (7)17. -- Ja, dit is korrek, want ABD(7)17 is die een met afwykings in hom. So in daardie opsig stem ek saam met daardie stelling.

On that basis I want to put it to you that it more (20) likely represents a machine being switched off rather than a battery-contact problem. -- Ek stem nie daarmee saam nie. My mening is dat dit eerder 'n aanduiding is van 'n batterykontak-probleem as dat die masjien afgeskakel was.

Do you have any other examples in this exhibit, 31(1) and EXHIBIT 31(2), of a pulse which simply represents the beginning of a battery-contact problem as you say this one is? -- Nee, ek het nie ander voorbeeld nie.

And particularly because you do not know what machine was used at this time, I put it to you that you cannot say (30) whether/..

whether it is a pulse created by the machine going off or whether it is a pulse created by a battery interruption. --

Ja, dit is korrek dat dit goed moontlik is dat 'n mens nie sal kan onderskei tussen die pulse veroorsaak deur batterykontakprobleem en afskakdelingsituasie nie. Aangesien ek nie die oorspronklike bandmasjien kon toets nie, kan ek nie verseker wees omtrent daardie aspek slegs op grond van die pulspatrone wat ek waarneem nie. In hierdie geval maak ek egter gebruik van addisionele inligting insluitend my ondervinding, dat daar in ander bandmasjiene wat ek wel getoets het, wel 'n klein (10) verskil bestaan tussen batterykontakprobleem en afskakelsituasie en verder meer omdat ek uit ander gegewens op hierdie opname tot die gevolg trekking gekom het dat daar wel batterykontakprobleme was in hierdie situasie plus nog sekere ander verduidelikings by elk van die situasies wat ek dan alreeds gedoen het.

What we note hear when listening to this part of the recording, is that there is a pulse followed by silence, thereafter there is a louder, more complex pulse followed by long silence, thereafter the speech comes in without any (20) sign of any pulse at all. Would you agree with that? -- Sover dit die puls aan die begin aangaan let ek nie op dat daar 'n duidelike puls op die foto waarneembaar is nie, maar wat ek wel weet is dat enige skielike oorgang in opname, dit wil sê 'n plek waar die opname skielik wegraak en 'n plek waar die opname skielik begin, kan veroorsaak dat 'n puls gehoor word en dit is moontlik wat hier gebeur. Verder stem ek saam met die beskrywing, behalwe dat in die stilgedeelte die stil as relatief stil beskryf kan word. Daar is nog steeds 'n sekere hoeveelheid ruis teenwoordig in die deel. (30)

This/..

This microphone interruption we are talking about now, does not produce the musical effect produced by the microphone interruption at your counter reading 442, is that correct? -- Ja, ek sou dit ook nie verwag nie, want ek is nêrens van opnie aangedaan dat die musikale tipe klank, musiekagtige klank enige verband hou met die verdwyng van klank in hierdie twee situasies nie.

Would you say that the microphone-contact problem here was of the same sort apart from at what time it occurred in relation to the battery-contact problem, would you say (10) that is of the same sort as the microphone-contact problem experienced at counter nos. 442, 445? -- Ja, ek is geneig om te sê dit is dieselfde tipe van situasie behalwe dat waar ek voorheen geskat het dat die hoeveelheid waarmee hy klank afgesny het miskien 99% is, is dit in hierdie geval miskien 'n klein bietjie hoër, miskien nader aan die honderd persent.

Would you accept that the silent bit here has in fact no sounds such as those that one hears at counter reading 442, 445? -- Ja, ek stem saam daarmee.

And are you saying that that difference is accounted (20) for by 1% contact which remained between the microphone and the tape recorder at counter reading 442, 445? (Intervention)  
COURT: Well why necessarily because his evidence was that at 442, 445 the sound is very faint, but it is some background sound. Now you are asking him is it the same sound here. He says no. Well, you may have had a different background sound at this stage. It is a different time.

MR YACOOB: No, that is why I am asking him whether he is saying that. I did not - and he could have told me whether he was saying ... (intervention) (30)

COURT/..

COURT: No, you are saying are you saying that because it is now nearer honderd per cent diminished instead of 98% diminished or whatever it was.

MR YACOOB: Right.

COURT: Well, that is not necessarily the conclusion.

MR YACOOB: That is why I did not put it to him as a conclusion. I asked him whether in fact that is a correct conclusion. That is the meaning of the question, are you saying that. In any event, what do you say are the reasons for the fact that this section is quiet, that is the section at 670, (10) 672 as compared to the silent section at counter readings 442, 445? -- Ja, dit het ek eintlik reeds geantwoord daarin dat ek gesê het dat my siening daarvan is dat die verbinderprobleem was sodanig dat daar meer volledige verbreking van kontak ontstaan het tussen die mikrofoon en die bandopnemer, daarom is hierdie deel stiller.

I want to put it to you that we find this phenomenon on the tape very strange and impossible. It is impossible for us to give any explanation of what could have happened here except to speculate. -- Ja, ek aanvaar daardie verduideliking. (20)

I may just say that in relation to this tape .. (intervention)

COURT: Could I just get clarity, are you saying it was an off/on or was it not an off/on, but it was a connection problem?

MR YACOOB: No, we are saying that it has more of the characteristics of off/on than a connection problem, but we cannot say what actually happened here, bearing in mind the long gap, but we say as far as the beginning is concerned, that was an off, then of course there is the silence and the recommencement of sound and we say that there are any number of possibilities (30) for that/..

for that. If you look through your report ...

COURT: Where are you going now?

MR YACOOB: The same report. It is EXHIBIT ABD(6)2 and it is still in connection with the same tape.

COURT: But which counter number now?

MR YACOOB: No, I am asking him just to take a look at the report as a whole, and you will find that there a number of places where you have attributed short interruptions to microphone-contact problems. Is that correct? -- Ja, dit is korrek.

(10)

We say that we have gone through those and we have come to the conclusion that virtually all of them are more likely to be overload problems as a result of excessive sound rather than microphone-contact problems caused by vibrations. -- In beginsel stem ek nie saam met die verduideliking soos gegee nie, naamlik my ondervinding is dat die sogenaamde oorlaai-probleem in hierdie tipe van toerusting nooit hierdie tipe resultaat veroorsaak nie, maar 'n interessant situasie wat ek al teëgekom het, is dat daar mikrofoonverbindingprobleme ontstaan by die plek in die saal waar die mikrofoon geïnstal-(20) leer is en 'n mens vind dan maklik dat jy kontakprobleme kry wat saamval met sterk klank.

HOF: Met ander woorde hulle raas dat die dak lig en dan skuif die mikrofoon se draad uit? -- Dit is omtrent die situasie. So, dit kan - ek sê nie dit is nie, maar dit kan wees dat in hierdie geval - dat dit deel van die probleem is.

MR YACOOB: I want to leave tape one, that is EXHIBIT 31(1) and go briefly to EXHIBIT 31(2), side one, at your counter no. 383. That is where you will find it in your report. I am sorry, I am reminded that there is one more point which (30)

I need/..

I need to raise with you in connection with your previous answer. At the end of this meeting, that is on tape 2, side one, there is some "Nkosi Sikelele I'Africa", do you remember that? Is that indicated anywhere on your report? We are in the process of finding it. -- Dit is nie in my verslag aangedui nie.

It is tape 2, side 2, counter no. - our counter no. 310, that is on the 7 700 and the counter number on the 7 100 would be 262, page 51 of V24. -- Verskoon my, is dit band 2, kant 1?

Side 2. -- Band 2, kant 2? (10)

HOF: Daar staan op die verslag dat daar nie 'n opname op is nie. Is dit korrek, mnr. Yacoob? EXHIBIT 31(2) has got no recording on it according to the report.

MR YACOOB: I am sorry. It seems I was right in the first place, it was tape 2, side 1. That is right. My Lord, there is some confusion. It will take us five minutes to get - well, let me ask him the question then. Maybe it won't be necessary to play it. I want to put to you that this song sung at the end of the tape is a song which is not sung noisily and accompanied by the tapping of the feet and so on, but that (20) the rhythm of this song is a particularly slow rhythm and during this song one gets a number of these problems which you describe as microphone-contact problems and I just want to put it to you that particularly having regard to the way those problems occur in that song, it is fairly clear that they are overload problems rather than microphone-contact problems. -- Vir eers die opname is gemaak met 'n bandopnemer wat wel outomatiese winsbeheer het. Dit beteken dat 'n mens nie na die tyd vanaf die opname kan aflei hoe hard die klank was wat opgeneem was nie en hoewel die lied se klank miskien (30)

rustig/..

rustig kan klink en nie raserig soos party ander nie, kan 'n mens verwag dat dit nogtans aansienlik harder sal wees as die spraak tydens 'n toespraak. My ondervinding van sogenaamde oorlaai, "overload", is dat om mee te begin die toppies van seine, dit wil sê die heel bokante en die heel onderkante afgeplat sal word, maar nadat dit deur 'n bandopnemersisteem geaan het, sal die afplatting nie meer sigbaar wees nie, daar sal slegs vervorming waarneembaar wees. Dit is nie normaal vir elektroniese klanktoerusting om 'n onderbreking of 'n verdwyning van klank te veroorsaak wanneer 'n oorlaai- (10) situasie plaasvind nie.

First I want to put it to you that you do not know whether the machine used to make the original recording had automatic gain control ... (intervention)

COURT: Let us just pause a moment there. Where is this leading us, Mr Yacoob? The purpose of this inquiry is to determine whether the tapes are fabrications or have been tampered with or not. The one expert is saying, as I understand it, that there was overloading, the other witness is saying that there was an interruption due to a disconnection. (20)

MR YACOOB: Yes.

COURT: Neither of the two versions gives me any indication of any tampering so how is this relevant?

MR YACOOB: My Lord, that is right. That is absolutely right.

COURT: I am not busy with a theoretical discussion here. We must stick to the facts.

MR YACOOB: That is so. I agree, sorry. All right, I am going to move on to the final section in relation to this exhibit and that is your counter reading 383 on tape 2 (30)

side 1..

side 1, if you can find that in your report, and that is the section where the investigating officer's voice breaks through.  
-- Dit is korrek, ja.

COURT: Could you just refer me again to the page in the transcript? I think I had it at a stage.

MR YACOOB: Page 48, line 10.

COURT: 48, thank you.

MR YACOOB: Just one question, when we hear it, when we hear this tape at this point we hear two voices, one saying "this is tape 2", the other saying "and it is very clear". Can (10) you recall or tell whether they are one or two voices? -- Ja, ek stem saam. Dit klink vir my ook of dit twee aparte mense is.

Now, to deal very quickly with your conclusions in relation to this exhibit, that is 31(1) and 31(2), now here again are there any positive indications in relation to this exhibit now, not generally, that this exhibit is an original recording rather than a copy? -- Dieselfde oorwegings geld hier as wat ek vir die vorige geval genoem het, dat daar nie direkte dinge is wat kan aandui dat dit 'n oorspronklike is nie, maar dat ek geen aanduidings gevind het dat dit 'n heropname is nie. (20)

Then I must put it to you that firstly the areas to which we have drawn your attention on this tape, particularly the pauses and the off/on's, could well be indications of edit, what do you say to that?

COURT: Of what?

MR YACOOB: Of edit. -- In een opsig stem ek daarmee saam dat die af/aanskakeling op teller 204, band 1, kant 1, is 'n "edit"-punt in die opsig dat die bandopnemer doelbewus afgeskakel is deur die persoon wat die opname gemaak het en later weer aangeskakel is. Die skynbare "pause" verskynsel wat net voor (30)

daardie/..

daardie punt plaasvind, naby die begin van die band, wat nie in my notas genoem is nie, maar wat deur die Verdediging uitgewys is, dié is dan 'n soortgelyke situasie, en natuurlik daar is tekens van 'n verandering aan die band na die tyd in die opsig dat daar die een plek is waar 'n opname bo-oor die vorige opname gemaak is.

HOF: Is dit nou by 383? -- By 383, ja, op band 2/kant 1. Daar-die plek kan ook beskryf word as 'n "edit". Afgesien daarvan kan ek nie saamstem dat die ander effekte wat waargeneem is, effekte is wat op "edits" dui nie en ek sê naamlik dat dit (10) dinge is wat gebeur het buite die beheer van enige persoon wat met die band te doen gehad het.

MR YACOOB: I put it to you also that there may well be, there could be carefully done edits on this tape recording which you would not have discovered and in fact could not have discovered. -- In beginsel stem ek saam dat dit teoreties moontlik is.

I want to suggest to you that you have made reference in your report only to the very obvious problems on the tape, on EXHIBIT 31(1) and (2). -- Ja, daar is verskeie ander heel klein verskynseltjies wat ek van weet wat ek nie eers (20) neergeskryf het nie.

I want to suggest to you that editing would be a subtle process and that therefore you ought to have concentrated and looked for what may have been subtle indications of editing. -- Ek is tevrede dat die ondersoek soos ek dit gedoen het volledig is en dat dit my in staat stel om 'n mening te vorm omtrent hierdie opname.

I put it to you again that in this tape as well there are a number of points where there is applause, clanks, bangs, clinks and so on which could quite easily mask edits (30)

which/..

which cannot be discovered. -- Ek stem nie daarmee saam nie om dieselfde redes as wat ek vantevore genoem het toe die soortgelyke bespreking vir die vorige band gedoen is.

I put it to you also that one of the ways of masking an edit would be masking an edit point if it is easily discoverable, is to put over it a sort of thing which you would find at 383 as a kind of elastoplast. The only problem is that unlike an elastoplast, you cannot remove this and find out ever what lies underneath. -- Ja, dit is natuurlik iets wat 'n mens maklik kan sê, maar wat nooit bewys kan word nie. (10)

My Lord, there is one more point which I need to raise in connection with this tape to which I have not drawn the witness's attention yesterday. Thereafter I want to go onto another exhibit in respect of which I have got photographs this morning which I have not been able to look at. What I would suggest, I would need a bit of extra time during the lunch adjournment as well to look at those photographs. What I would suggest is that I draw attention to the problem that I want to refer this witness to now and I would like an early adjournment so that I can look at the photographs (20) for the next tape and the witness can listen to this part of the tape.

COURT: Yes well, we will resume a bit earlier then because it is now 12h20.

MR YACOOB: As Your Lordship pleases, subject to the fact that if I am really not ready and cannot manage I would like leave to let Your Lordship know.

COURT: Yes, you can let me know. Yes, very well, put to the witness what you need to put to him.

MR YACOOB: I want to refer you to EXHIBIT 31, tape 1/ (30)

side 1/..

side 1. The position that we are talking about occurs at page 10 of the transcript V34 ..

COURT: 24.

MR YACOOB: 24. It is at counter reading 386 on the 7 700 which would be counter reading 325 on 7 100. Now, the point which I am going to refer you to now, and I will give you the exact point in relation to the transcript in a moment, but what we would like you to listen for is some background singing which occurs at that point. We think that the only possible explanation for this - I withdraw that. We (10) would like you to examine that and tell us whether you hear the singing in the background and what do you think the singing is a result of and the line in the transcript - it will be most clearly audible at the end of the second last paragraph of page 10 and it actually continues quite audibly through the whole of the last paragraph, particularly obvious after the words "even at that stage." Thank you.

COURT: Just a moment now. Does the witness know where this is on his counter readings?

MR YACOOB: My Lord, the tape is actually tuned in precisely at that point and there .. (20)

COURT: I have a bit of a difficulty. The moment I adjourn there will be such a noise in this court that nobody will be able to listen to this tape and an awful lot of time will be wasted. If it does not take too long he can do it here.

MR YACOOB: My Lord, he may have to listen carefully. He can either take the tape recorder away with him or take the tape away with him and it is tuned in at that point. So he puts the tape into his recorder and he will find it there.

COURT ADJOURNS UNTIL 13h20. COURT RESUMES.

(30)

LEENDERD/..

LEENDERD PIETER CHRISTIAAN JANSEN (Nog onder eed)

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB: Colonel, did you during the course of lunch listen to the part that we asked you to listen to? -- Ja, ek het daarna geluister.

And I understand that you want that portion played back in the presence of the Court before you answer any questions on it, is that so? -- Ja. Ek sal graag vra dat daardie gedeeltjie wat deur die Verdediging vir my aangedui is gespeel word. Dit is vir my duidelik daar is 'n gesingery hoorbaar in die agtergrond en ek wil ook die Hof se aandag daarop vestig (10) en wys dat dit hoorbaar is tot waar daar in die saal self singery plaasvind, wanneer daardie ander singery dan nie meer hoorbaar word nie.

My Lord, we are starting to play it.

HOF: Waar begin ons nou speel. Ons speel watter band? 31? -- BEWYSSTUK 31(1) en dit is op bladsy 10. Ek is nie seker presies watter ...

Hulle het vir my vertel die laaste paragraaf op bladsy 10 van V24.

MR YACOOB: That is so, and it is tape tape 31 - EXHIBIT 31, (20) tape 1/side one. It is counter number - we are starting at counter no. 280 on the 7 700 which would be on 7 100 234 and I understand that we are to start playing it slightly before that, the point to which we need to listen, and that is at the top of the second last paragraph at page 10.

COURT: Yes, thank you. (Tape recording is played - stop.)

Wat sou u aandui, doktor? -- Ek wou aandui dat daar wel singery in die agtergrond gehoor kan word, tweedens dat die luidheid van die singery soos dit op hierdie band deurkom wissel en dat dit saamhang met die werking van die (30) outomatiese

automatiese winsbeheer sodat wanneer die spreker begin praat dan word die agtergrond effens sagter en in tydjes wat hy stilbly word dit harder, en dan laastens wanneer daar singery begin in die saal self is die agtergrond-singery nie meer hoorbaar bo die saal se singery nie. My mening van die agtergrond-singery is dat dit iets is wat plaasvind in 'n ander plek, waarskynlik in 'n ander gebou 'n sekere afstand verwyder van die saal waarin hierdie vergadering plaasvind. Die geheelindruk wat ek kry van die klanke in die saal is sodanig dat ek van mening is dat die mikrofoon wat die klank opneem nie baie naby aan die spreker was nie, gevvolglik is die mikrofoon betreklik gevoelig ten einde die spreker se klank op te tel en onder daardie omstandighede is dit dan ook gevoelig genoeg om eksterne geluide te registreer.

MR YACOOB: Firstly I want to put it to you that the sound does not become louder, the singing does not become louder, but actually becomes more noticeable when there is no speech simply because there is no speech. -- Nee, dit is vir my baie duidelik dat die vlak van die klank van die musiek toeneem en afneem en elke keer wanneer die spreker praat dan neem die (20) vlak af en sodra hy stilbly dan neem dit weer toe.

Would you accept that there is no singing in the background before the point at which we heard it start here in court? -- Ek het nie nou na 'n groter deel geluister nie, so ek kan nie nou afhand daarop antwoord nie.

I put it to you that we have heard none. -- Ja, ek kan dit aanvaar.

I misunderstood my instructions. I withdraw what I have last put, and I will put it later when things become a bit clearer.

(30)

COURT/..

COURT: Just a moment. Are you still putting that there is no singing in the background, before this point where we started listening?

MR YACOOB: That is what I am withdrawing.

COURT: That is withdrawn?

MR YACOOB: That is withdrawn.

I want to say that our impression is that this background singing sounds to us as if it is the consequence of a bad erasure. In other words the singing was recorded on this tape before this recording was put onto it and because there (10) was a bad erasure at that point the singing is actually still filtering through having been left behind. -- Ja, ek verstaan wat gestel word, maar ek kan nog geensins daarmee saamstem nie en die belangrikste rede waarom ek nie saamstem nie, is die wisselinge wat in die agtergrondsang plaasvind en veral ten opsigte van die manier waarop die vlak daarvan verander soos wat die werking van outomatiese winsbeheer intree op die opname.

COURT: Why do you say, Mr Yacoob, that this cannot be real background singing outside? (20)

MR YACOOB: No, we did say it could be. We do not exclude that possibility. We say it is possible that it is background singing outside, but our impression is that it is actually something left behind from an original recording. That is another possibility. All we are saying is that there are two possibilities.

Do you think it is theoretically possible for what we say had happened on this tape to happen, that is the erasure process not working properly and a pre-existing recording left behind or what? -- Teoreties is dit moontlik, maar in (30) hierdie/..

hierdie geval sê ek is dit nie moontlik dat dit is wat hier gebeur het nie.

I understood you to say in your earlier evidence that this was not possible. I understood you to say that the erasure head's function, it works effectively and somewhat insensitively so that it is not possible for something to be left behind after an erasure process has taken place. Was that impression correct? -- Nee, dit was nie korrek nie. Ek het nie so gesê nie. Ek het wel gesê dat by 'n normaalwerkende situasie sal daar niks oorbly van 'n oorspronklike opname nie. Die si- (10) tuasie soos hier gestel waarop ek geantwoord het dat dit moontlik is veronderstel dat daar 'n swakwerkende uitveemeganismus is.

My Lord, I would like to move on to EXHIBIT 7(1) and 7(2) which is called the Krisch Ravilal Memorial. It is transcript V7 dealt with in your report ABD(4) at pages 10 to 12 and your detailed analysis in connection with this meeting is EXHIBIT ABD(6)3. I want to take you first to your counter no. 69 and you deal with that in your report. Now, there is a 2,9 second break in sound there according to our calculation. I noticed that you have not timed it, but I gave you the timing (20) yesterday ... (intervention)

COURT: Now just a moment, I am interrupting you. Where is it? Is it 069?

MR YACOOB: 069, yes.

COURT: Yes? And you say the time is?

MR YACOOB: The time, as we have time it and as I told the witness yesterday, was 2,9 seconds. Do you agree with that timing? -- Ja, dit is baie naby akkuraat.

Do you say that this is a straightforward switching on and off of the recorder, a switching off and on of the (30) recorder/..

recorder or is it something, is it a variation? -- Ek sê dat dit 'n afskakeling en weer 'n aanskakeling is van die opname met die moontlikheid dat die band teruggespeel was en oorgeluister was sodat daar 'n addisionele tydsverloop tussen die afskakel-en die aanskakelgedeeltes kan wees.

Have you managed during the adjournment to check what time elapses during the off/on process in respect of the National Panasonic we spoke of? -- Nee, ek het nie daarna gekyk nie.

We would be very happy if you can do that overnight. (10)  
-- Goed, ek kan dit doen.

What do you say has a greater possibility, the fact that this was put on or put off rather and put on immediately afterwards or would you say that it was put off and the tape ran for a bit and it was put on a little later? (Intervention)

COURT: Just a moment. Are you putting to the witness in the second possibility that it was not played back again, because if the tape runs on and on it will affect the number of seconds that pass.

MR YACOOB: That is so. So, I am putting to him another (20) possibility. I will put it a bit more clearly. Is there a possibility that the tape was put off, then allowed to run for a while in the play mode before the record button was pressed? -- Ja, dit is 'n wesenlike moontlikheid.

Now, we note a pulse, a clear pulse before the recording recommences after the 2,9 seconds silence. Do you note that? -- Ja, dit is korrek. Ek het ossilloskoopfoto's daarvan wat die puls baie duidelik wys. Ek weet nie of die Verdediging graag eniglets anders omtrent die aspek wil noem nie, dan sal dit miskien nuttig wees om op hierdie stadium die foto's (30)

in te/..

in te handig.

I hope not. We will try and get by without that. I want you to refer, for the sake of comparison, to your report 6.2 and the off/on there indicated at counter no. 024, please. -- Ja, dit is korrek. Ek het dit.

Now, the difference, one of the differences between the 024 - My Lord, I will put it in a slightly different way. Is it correct that the 024 counter reading, what happens there is reflected in EXHIBIT ABD(7)16?

COURT: Yes, it would appear so. -- Ja, dit is korrek. (10)

MR YACOOB: Now, if you compare - if you look at (7)16, would you agree that as far as (7)16 is concerned ...

COURT: I think you must call it ABD(7)16 otherwise the record won't .. (intervention)

MR YACOOB: I am sorry, My Lord. As far as ABD(7)16 is concerned, if you look at that, there is no pulse at the stage when the recording is heard again after the stop, correct? -- Daardie stelling is reeds aan my gestel en ek het geantwoord dat daar is wel 'n klein puls te sien wat net na bo uitwyk en nie na onder nie. (20)

Would you regard the difference in the pulses in the (7)16, ABD(7)16 and the pulse at the end of the pause at counter reading 69, would you regard those two pulses as significantly different? -- Ja, daar is 'n opvallende verskil tussen hulle volgens my ossilloskoopfoto's.

Could both happen? Could both have been caused by the same machine, the same tape recorder? -- Ek sou dink nie die-selfde masjien nie. Daar is wel ander aanduidings dat die-selfde tipe masjien gebruik was.

Leaving aside the other indications now, could they (30)

have/..

have been caused by the same - could that variation, that degree of variation be caused by the same type of machine used or not? -- Ek sou vermoed dat dit wel so kan wees. Dit moet duidelik wees natuurlik dat ek nie die masjien het om te toets nie of nie een van die twee masjiene in die hande kon kry nie, daarom kan ek nie verseker sê nie, maar ek sou uit ander ondervinding sê ja ek dink dit is iets wat kan gebeur, dat sulke verskille kan ontstaan tussen twee masjiene van dieselfde soort.

Would a difference to that extent apply only to the (10) situation where the machine is switched on or could it apply to the pulses created by the machine being switched off as well? -- Die voorkoms van sulke groot verskille? Is dit wat bedoel word? Daaroor kan ek nie duidelikheid hê nie, want dit is twee aparte meganismes wat hier werksaam is. So, dat dit by die een voorkom sou nie noodwendig beteken dat dit by die ander een ook voorkom nie.

But do you exclude the possibility that it could happen with the others, in the switch-off process as well, that degree of variation? -- Nee, ek kan nie uitsluit dat daar (20) moontlik groot verskille is nie. Al wat ek kan sê is dat in die ossilloskoopfoto's wat ek tot my beskikking het van die twee geleenthede, daar sien ek goeie ooreenkoms in die af-skakelpuls wat van die wiskop af kom.

I would like to now go to tape 1/side 2, it is EXHIBIT 7, tape 1/side 2. You come to the conclusion in your report that the recording on side 1 ends before the end of the tape and when you turn the tape over the recording on side 2 starts after the beginning at the same point at which the recording on side 1 ends, is that correct? -- Dit is korrek, ja. (30)

What/..

What do you say about the hiss lasting 3,21 seconds before the recording on side 2 of EXHIBIT 7.1 begins to which I drew your attention yesterday? -- Ek het dit sorgvuldig nagegaan en gevind dat die geringe toename in ruis en ek moet daarop wys dat dit 'n baie geringe toename in ruis is, maar dit is wel 'n hoorbare toename, dat dit begin presies op die punt wat ooreenstem met waar die wiskop sou gewees het aan die anderkant van die band, op die punt waar die opname aan die eerste kant eindig en ... (tussenbeide)

HOF: Laat ek net duidelikheid kry. U praat van kant 1 (10) en kant 2. Aan watter kant was die wiskop? -- Op kant 2 se begin is daar vir 'n tyd lank eers net bandgeruis en dan op 'n sekere stadium dan is daar 'n effense toename in ruis.

Ja? -- Dit vind plaas by my tellerlesing ongeveer 012 van band 1/kant 2. Dan is daar op daardie selfde kant, band 1/kant 2 vir 'n aantal sekondes, ongeveer 4 sekondes, volgens my notas, slegs die effens hoër vlak van ruis voordat die klank begin om opgeneem te word. Nou sê ek dat die punt op kant 2 waar die ruis begin, stem ooreen met die posisie op kant 1 waar die wiskop was op die stadium toe die bandopnemer (20) afgeskakel is aan die einde van die opname op kant 1.

MR YACOOB: The first problem there is that the distance between the erase head and the record head represents a time of approximately half a second while this hiss in fact goes on for, according to your calculation, approximately 4 seconds which we accept. We say it is 3,21 seconds, but it makes no difference really. So, how can it then be that it was the position - it represents the position at which the erase head was at the time the recording was stopped on side 1? -- Ja, ek stem saam. 'n Mens sou verwag dat by die omdraaipunt (30) van die/..

van die band sou die opname begin het hoogstens 0,5 sekondes na hierdie ruis wat ons van praat of wat ek eintlik sou verwag dit sou begin saam met die ruis, met ander woorde daar sou geen aparte ruis waarneembaar wees nie.

So, if one expects that, I am asking you how you can explain a hiss of 3,21 seconds in terms of the position of the erase head which at best was about half a second away from the record head at the time it was switched off anyway. --

Ja. U Edele, een aspek wat van belang is in so 'n geval is sodra 'n mens sulke onverwagte ruis kry aan die begin van (10) die band, dan ontstaan daar die moontlikheid dat daardie band 'n heropname is.

I just want to put it ... (tussenbeide) -- Ek wil net graag by sê die tipiese kenmerk van 'n heropnameproses is egter 'n dubbele toename in ruis. Soos beskryf is op bladsy 5 van BEWYSSTUK ABD(5). In daardie geval is daar 'n groter toename en dan 'n kleiner toename wat daarop volg. Ek sal nou nie die hele deel daar weer uitlees nie. Dit staan beskryf daar, maar dit beskryf 'n dubbele toename van ruis, 'n groter toename gevolg deur 'n kleiner toename wat nie in hierdie geval teen-(20) woordig is nie. Wat in hierdie geval teenwoordig is, is 'n uiters geringe toename in ruis wat dan so bly totdat die opname begin. Die effek wat daar waargeneem word sou ek beskryf as 'n proses wat as volg plaasvind en dit is naamlik dat met die omdraaislag is eerstens slegs die speelknop gedruk en nie speel en opneem saam nie. Die operateur het toe egter na 'n paar sekondes sy fout agtergekom en toe of die bandmasjien gestop en daarna altwee knoppe saamgedruk of die opneem bygedruk by die speel indien dit vir daardie bandmasjien moontlik is. (30)

Colonel/..

Colonel, is this an alternative explanation or is it ...  
(tussenbeide) -- Ek is nog nie klaar met daardie verduideliking nie. Daardie situasie verduidelik die tyd wat verlore gegaan het. Verder die geringe toename in ruis kan verklaar word deurdat die band in daardie proses verbybeweeg by byvoorbeeld die opneemkop van die bandopnemer wat gebruik was. Dit is bekend dat indien enige permanente magneet oor band beweeg word of die band verby 'n permanente magneet beweeg word, daar 'n toename in die ruisvlak is van die opname wat op die band verskyn. Dit is ook baie algemeen dat bandopnemers 'n sekere (10) mate van magnetisme ontwikkel, permanente magnetisme ontwikkel in die opneem- en teruspeelkop of as dit aparte koppe is, in albei. Die geringe toename in ruis kan dus verklaar word daardeur dat al was die bandmasjien nie in die opneem-modus nie kon die feit dat die band verby 'n effens gemagnetiseerde kop geloop het, daardie toename in ruis veroorsaak het. Daar is ook die tipiese aanskakelpuls 'n klein entjie voordat die opname begin, 'n puls en 'n rukkie daarna volg dan die opname op die band.

HOF: Is die ruis en dan die klein toename in ruis, ek (20) moet seker sê in geruis, waarneembaar op die foto wat u geneem het? -- Ek het nie van daardie deel 'n foto geneem nie. Ek het gekyk daarna op die ossilloskoop en gesien dat op die ossiloskoop is die toename in ruis so moeilik waarneembaar dat dit nie die moeite werd sou wees om 'n foto te neem daarvan nie, want ook daarop sou dit moeilik waarneembaar wees, so gering is die toename. Dit is in werklikheid eerder meer van 'n verandering in die kwaliteit van die ruis as wat dit 'n toename is daarin. Byvoorbeeld twee klanke wat 'n mens dikwels produseer wat ruisklanke maak, is die s-klank en die (30)

f-klank/..

f-klank soos in Fanie. Dit is altwee ruisklanke wat verskil slegs ten opsigte van hulle kwaliteit en dit is daardie tipe van effek wat ek waarneem op daardie plek.

MR YACOOB: We notice a clear additional hiss for that 3,21 seconds. Now, are you still - sorry, are you offering this last explanation of how this problem occurred as an additional one to the one relating to the position of the erase head? Are you offering it is an alternative one? -- Nee, dit is nie 'n alternatief nie. Dit was net om aan te dui waar presies, volgens my studie van die situasie, ek gevind het dat die (10) was aan die een kant en aan die anderkant en dan die teenwoordigheid van aanskakelpulse of 'n aanskakelpuls net voor die opname begin, dui aan dat die bandmasjien eers op opneem geskakel was 'n paar sekondes later.

Can we take them one at a time then, please, Colonel. I repeat my earlier question how can you explain a hiss of 3,21 seconds in terms of the position of the erase head at the time when the recording was stopped on side 1 when the distance between the record head and the erase head represents a time of only approximately half a second? -- Ek is nie seker dat (20) ek weet wat van my verlang word hier nie.

HOF: Herhaal die vraag.

MR YACOOB: How can you explain a hiss which lasts 3,21 seconds on side 2 of the tape on the basis that this represents the position of the erase head when the recording was stopped on side 1 if you bear in mind that the distance between the two heads, that is the record head and the erase head, represents a time of only about half a second? -- Goed, ek sal weer daarop ingaan. My verduideliking van waarom daar 'n aantal sekondes weggeraak het, het niks te doen met die posisie (30)

van die/..

van die uitveekop ten opsigte van die speelkopnie. Dit het te doen daarmee dat ek sê dat die speelknoppie gedruk was sonder die opneemknoppie vir 'n paar sekondes lank.

If that is so then I suggest to you that it cannot be that the person switched off the tape recorder towards the end of side 1, turned it over and started recording at the same point as you indicated in your earlier evidence on your report.

COURT: Wait a moment. He says you turn it over, then you play a little and then you start recording.

MR YACOOB: No, no, I am saying it cannot be because as (10) we have already indicated the 3,21 second bit is before the point at which the recording starts, in other words if you turn the tape over at the stage where the recording ends on side one, then the recording on side two does indeed start. The hiss is 3,21 seconds before that. So, if that is the explanation he offers then what would have happened is that the recording would have stopped at that point and if you turn it over you would get the 3,21 seconds hiss first and then the recording. That is not the case, one needs to turn the tape over, rewind the tape before you get the 3,21 hiss. -- (20)

Ja, ek verstaan dat hier is 'n misverstand en dit was juis om daardie misverstand uit die weg te ruim dat ek verduidelik het dat die verandering in suisgeluid, dit is wat begin op die plek waar 'n mens die band kan omdraai na die vorige opname geëindig het. Dit is nie korrek dat 'n mens moet terugspoel om by die begin van daardie gedeelte te kom nie. Ek het baie seker gemaak daarvan en dit is wel waar dat as 'n mens presies waar die opname eindig omdraai, dan is dit al klaar effens verby die begin van die ruis, maar dit is waarom ek gesê het as 'n mens aan-speel tot waar die puls gehoor kan word wat deur die (30)

wiskop/..

wiskop veroorsaak word en jy draai daar om, op daardie punt, dan begin die ruis onmiddellik daarna en dit kan ek so verduidelik dat toe die bandmasjien afgeskakel was, op daardie stadium is daar 'n puls op die band gesit deur die wiskop, maar die band het nog 'n klein entjie aanbeweeg sodat daardie puls nou nader aan die plek kom waar die opneemkop se posisie is en die opneemkop se posisie is presies in die middel van die band sodat as die kasset omgedraai word, dan is die opneemkop wat dan ook die terugspeelkop is in die geval weer presies op daardie plek.

There is nothing for it but to demonstrate this, Colonel. Now, My Lord, counter numbers are going to be quite meaningless in this exercise because what will happen when you turn the tape over immediately the sound stops is that really it will be 6,5 or 7 on the other side and you can only get to that by rewinding it, setting it to naught and then bringing it back to 6,5. So, for purposes of this exercise it is sufficient to record that the tape is being played up to count number so and so, turned over and played immediately at that point again. (20)

COURT: Yes. -- Ek wil voorstel dat as dit voorgespeel word die tweede kant eers gespeel word van die begin af sodat die Hof kan weet hoe klink die toename in ruis.

MR YACOOB: All right. We are quite happy to do that first. We are starting from the beginning then of - it is very easy to do that, from the beginning of side 2 of this tape and the counter numbers become irrelevant. We will have to wait a minute, at the most, to get there. I am sorry. -- Ek kan miskien net aan die Hof verduidelik dat die rede waarom ek in my notas gesit het by band 1/kant 2 van ABD(6)3, (30)

tellerlesing/..

tellerlesing 016, daar het ek geskryf "Opname begin. Die band is skynbaar net omgedraai vanaf die einde van die opname op die vorige kant, daarom begin dit nie heel aan die begin van die band nie." Die rede waarom ek dit geskryf het, is net om aan te dui waarom begin die opname nie heel aan die begin van die band nie, want dit is wat 'n mens sou verwag. Die doel hier was om aan te dui dat hierdie plek stem ooreen met die plek waar die opname geëindig het aan die anderkant en die band is op daardie punt omgedraai. By implikasie wil ek nie kan sê dat daar nie 'n paar sekondes na een of ander kant toe kan wees (10) op daardie punt om een of ander rede nie. Ek weet nie of hierdie argument nou net haarklowery is en of dit enige nuttige doel het nie.

COURT: Where are we now, Mr Yacoob?

MR YACOOB: My Lord, we are at counter number - My Lord, we did not start at naught on that one. We will just take it right back to naught and play it up to the point where we stopped again and then give Your Lordship the counter number. We are now, My Lord, at counter number 007 on the 7 700 and 005 on the 7 100 and the hiss that we refer to is the (20) additional hiss which hopefully was heard between three and four seconds before we switched it off. Colonel, we are now going to turn the tape over - My Lord, from this point on counter numbers become quite irrelevant because unless you turn it over, rewind it to its beginning to naught and then come back to the counter number, we are not going to get it right. We are now going to turn it over and stop the tape and hopefully agree that that is the point at which the switch-off pulse is. (Recording is played - stop.) Do you accept that the point at which we stopped the tape is (30)

at the/..

at the switch-off pulse at the end of EXHIBIT 7(1) side one?

-- Daar is nou gespeel 'n deeltjie vanaf die end van kant 1 van hierdie band, BEWYSSTUK 7(1), en hy het afgeskakel - ja, ek stem saam hy is afgeskakel op die punt net toe die klank ge-eindig het.

Which would be the point at which the person making the recording, if he simply turned it over without much ado, would have turned it over and started recording again, right? -- Ja.

You will notice that we now turn the tape over and we are now going to play the tape at precisely that point (10) but on side two. (Recording is played - stop.) You have noticed that there was about a second before you got the switch-on pulse of the tape recorder which would have meant that the tape ran on for a little when we switched it off on the other side, but certainly not as much as three to four seconds, is that right? -- Ja. U Edele, ek kan nie saamgaan met wat hier in die hof gedemonstreer word nie omdat ek nou nie beheer het oor die omstandighede nie. Dit is vir my duidelik dat daar was 'n stukkie ruis na hy omgedraai was voordat die opname begin het, maar my toetse het aangedui dat dit meer (20) is, dat al die ruis van omtrent drie sekondes of 'n bietjie meer in daardie gedeelte voorkom.

I simply put it to you that you are wrong about that. -- Nee, ek kan dit nie aanvaar nie, want ek het moeite gedoen om seker te maak daarvan.

Did you find this hiss at the time of your original investigation? Before you compiled your report? -- Van geheue af kan ek nie onthou nie.

I suggest to you that you did not find it and that the fact that you did not find it indicates that you did not (30)

listen/..

listen to the tape sensitively enough. -- Ja, maar dit help nie om te sê dat ek dit nie gevind het omdat ek nie nou kan onthou daarvan nie. Daar is soveel ure se bandopnames wat ek geanalyseer het en dit is al verskeie maande gelede dat die feit dat ek sê dat ek dit nie kan onthou nie, sekerlik nie 'n bewys is dat ek dit nie gehoor het nie en dit is sekerlik ook nie 'n bewys dat ek nie my analise deeglik gedoen het nie.

I suggest to you that if you had found it, you would have noted it in your report. -- Nie noodwendig nie. As ek 'n dubbele toename in ruis sou gevind het wat vir my sou (10) aandui dat dit 'n heropnameproses was, dan sou ek dit sekerlik genoem het.

But the fact that there isn't that much of an increase in sound could simply mean that the machine used to feed in the recording was a very sophisticated one with a very low noise level. -- Nee. Die aanduidings wat ek gekry het hier is dat die band wat gebruik was vir die maak van die opname 'n nuwe band was. Alternatief dat dit band is wat alreeds een of twee keer gebruik was en goed skoongemaak is met 'n sogenaamde "bulk eraser". In enige so 'n geval sou dit gebeur het (20) dat wanneer 'n nuwe opname begin word, en dit is die implikasie van die Verdediging hier, dan is daar 'n toename in ruis, maar daardie toename in ruis is groter as dit wat ek hier gevind het. Dit weet ek uit teorie en uit ondervinding, dat so 'n toename in ruis groter is as dié wat ek hier gevind het.

But you have found the change in sound variable, haven't you? -- Herhaal net daardie vraag.

COURT: What do you mean by variable?

MR YACOOB: In other words the difference between the change in sounds varies from recording to recording and from (30) time/..

time.

COURT: You mean the increase in sound?

MR YACOOB: That is so.

COURT: Varies in extent?

MR YACOOB: Yes.

COURT: Yes? -- Ja, in gevalle waar 'n bandmasjien gebruik was vantevore - nee, in gevalle was 'n band reeds gebruik was, daar was 'n vorige opname op gewees, en daar word nou 'n verdere nuwe opname gemaak op die band en daar word veronderstel dat in albei gevalle die mikrofoon of die klanksisteem sodanig(10) ingestel is dat daar so min as moontlik klank, verkieslik nul klank deurkom na die opneemkop toe, dan kan 'n mens praat van kleiner variasies in die toename in ruisklank wanneer 'n nuwe opname begin, maar as 'n mens praat van nuwe band of "bulk erased" band dan sal enige nuwe opname wat daarop gemaak word 'n goed meetbare verskil, dit wil sê toename in ruisvlak veroorsaak.

MR YACOOB: I put it to you that the increase in the noise level varies also from machine to machine and finally that the increase in noise level here is perfectly consistent (20) with a copy being made. -- Ek kan dit nie aanvaar nie. Ek verwerp die stelling geheel en al.

My Lord, we now have got to move to another area of the tape which is going to take another five minutes or so to find, but in the meantime may I deal with another area? As a result of an extended uses of energy last night I am happy to announce that in relation to the Huhudi tape, that is exhibit - I have not made a note of the exhibit numbers. That is 12.1 and 12.2. The witness need not listen to the tape unless he wants to. All I intend to raise with him (30)

is/...

is, quite apart from all the general questions I have asked in relation to all the tapes, I will not be taking him to specific parts of the tape unless he needs to go there, all I need to raise with him is the finding that we make that the recording is particularly distorted and of particularly - I am putting it very badly - that the sound level of the recording is low, on the one hand, and on the other hand there is also considerable distortion which indicates some sort of difficulty with the automatic gain control, but we find those two factors being present together an indication that it is a (10) copy. As far as the rest of the tapes are concerned the questions will be limited to general questions arising out of the report that he has made and the view of the tapes overall and I do not envisaged at this stage that different parts of the tape would have to be played and so on.

COURT: So, can we take it, to use your words, that there will be a burst of cross-examination?

MR YACOOB: Yes, hopefully, My Lord, that will be so, except - Your Lordship assumes that I am capable of such a burst, I do not know.

COURT: So, as far as EXHIBIT 12 is concerned the witness need not listen to it at all?

MR YACOOB: Yes.

COURT: Is there anything else that he has to listen to?

MR YACOOB: My Lord, no. I have pointed out to him yesterday all the areas that we wanted him to listen to and we actually stopped there, but I make my position quite clear that this is my anticipation. I believe that the anticipation is correct.

COURT: Yes, very well. Do you want to take the adjournment now?

MR YACOOB: That will be useful. Before Your Lordship (30)

goes/..

goes there is going to be a problem, but if the witness does not want to take EXHIBIT 12 away with him to study, we would like to do that, but if the witness them I concede that, because he is going to be cross-examined, he ought to.

HOF: Het u BEWYSSTUK 12 nodig? -- Ek sal graat BEWYSSTUK 12 neem.

Goed, dan word BEWYSSTUK 12 aan u oorhandig.

Have all my other exhibits been returned?

MR YACOOB: I believe that. We do not have any.

COURT ADJOURNS UNTIL 1986-09-05 AT 09h00.

(10)